**IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA**

**[NOORD GAUTENG HOË HOF, PRETORIA]**

**SAAKNR :** 44314/07

9/3/2010

In die saak tussen :

| | |
|---|---|
| THEUNIS JOHANNES SCHOEMAN | EERSTE APPLIKANT |
| OH VON KLOEG | TWEEDE APPLIKANT |
| N CLAASEN | DERDE APPLIKANT |
| W KUSCKE | VIERDE APPLIKANT |
| JS VAN NIEKERK | VYFDE APPLIKANT |
| BB DU TOIT | SESDE APPLIKANT |
| H MOOLMAN | SEWENDE APPLIKANT |
| Z BESTER | AGTSTE APPLIKANT |
| C VAN HEERDEN | NEGENDE APPLIKANT |

en

| | |
|---|---|
| PETRUS JOHANNES BOUWER | EERSTE RESPONDENT |
| JAMES PETER MCCORD | TWEEDE RESPONDENT |
| DENIS HENRY MCCORD | DERDE RESPONDENT |
| PHILLIP RUDOLPH PREW | VIERDE RESPONDENT |
| PIETER WESSEL OOSTHUIZEN | VYFDE RESPONDENT |
| GEDEELTE 71 TWEEFONTEIN [EDMS] BPK | SESDE RESPONDENT |

## UITSPRAAK

**LOUW, WR** **09 MAART 2010**

[1] Die Eerste tot Negende Applikante het 'n aansoek om verlof tot appèl teen die uitspraak gedateer 20 November 2009 afgelewer.

[2] Intussen het die prokureurs van die Applikante onttrek as prokureurs van Tweede, Vyfde en Sewende Applikante en word die aansoek om verlof tot appèl slegs voortgesit deur Eerste, Derde, Vierde, Sesde, Agtste en Negende Applikante.

[3] Die gronde vir die aansoek om verlof tot appèl word uiteengesit in die aansoek om verlof tot appèl gedateer 9 Desember 2009.

[4] Ten tye van die aansoek om verlof tot appèl het mnr Naude namens die betrokke Applikante groot klem gelê op die feit dat die aandeleregister vir 'n lang tyd weggehou is vanaf die Applikante en dat die aandeleregister nie die korrekte weergawe van lede uiteensit nie.

[5] Mnr Naude het uitgewys dat die deponent namens die Respondente,

synde die Vyfde Respondent, inderdaad selfs ontken het dat die Applikante lede van die Sesde Respondent is.

[6] Daarbenewens het mnr Naudè ook klem gelê op die feit dat daar geskille bestaan oor wie die direkteure van die sesde Respondent is of behoort te wees voortspruitend onder andere daaruit dat die lede-vergadering waar Eerste Applikant nie herkies is as 'n direkteur, plaasgevind het in omstandighede waar wie presies aandeelhouers en gevolglik lede van die Sesde Respondent is, nie duidelik is nie.

[7] Hier moet onmiddellik uitgewys word dat die probleem met betrekking tot lede nie sò omvangryk is nie. Die stukke het verwys na ongeveer 50 lede en is daar ook 'n verwysing na 48 lede. Dit is die Applikante se saak dat daar met 'n aantal lede verdere probleme mag bestaan maar is die identiteite van die grootste aantal lede wel bekend en nie in geskil nie.

[8] Mnr Naudè het die submissie gemaak dat dit nie vir die Applikante moontlik is om 'n behoorlike ledevergadering te hou nie aangesien hulle nie weet wie die aandeelhouers is wat die vergadering moet hou nie. In aansluiting hierby was sy submissie dat die nie-verskaffing van die lederegister inderdaad neerkom op die soort van onderdrukking op grond waarvan 'n likwidasiebevel ten opsigte van Sesde Respondent toegestaan moet word. In aansluiting hierby het hy geargumenteer dat

die basis vir die bestaan van Sesde Respondent juis was dat die lede van die maatskappy hulle godsdienstige belewinge en regte kon uitoefen op die plaas van die Sesde Respondent. Hierdie uitoefening van godsdienstige regte, so voer hy aan, het weens die onbehoorlike optrede van die Eerste Respondent onmoontlik geword en is die feit dat die ander Respondente nie bereid was om Eerste Respondent as 'n lid van die Christian Fellowship geheel en al te verwerp en uit te skop die oorsaak daarvan dat dit nie vir die Applikante moontlik is om hulle godsdienstige regte uit te oefen nie.

[9] Aan die ander kant egter is dit natuurlik so dat daar wel 'n vorm van dissiplinering van Eerste Respondent geskied het en was die benadering van die meerderheid [hoe presies ookal saamgestel] dat Eerste Respondent nie geheel en al van lidmaatskap gestroop word nie.

[10] Die aanleidende oorsaak van die geskil in hierdie aangeleentheid het sy beslag gevind daarin dat die Applikante onder dreigement van 'n likwidasie aangedring het daarop dat die grond van die Sesde Respondent aan die Applikante verkoop word.

[11] My indruk ten tye van die nagaan van die aansoekstukke, die argumentering by die vorige verrigtinge en ook in hierdie aansoek om verlof tot appèl is dat die persoonlike geskille tussen die Eerste

Applikant en die Eerste Respondent die aanleidende oorsaak tot hierdie geskil is.

[12] Hierdie persoonlike geskil lei daartoe dat 'n likwidasie-aansoek gebring word maar deur Respondente vermy kon word deur die onroerende eiendom van die Sesde Respondent aan die Eerste Applikant en sy groep te verkoop. In die omstandighede is ek geneig om met mnr Fourie, vir die Respondente, saam te stem dat hier nie bloot om die reg en billikheid van 'n likwidasie van die Sesde Respondent geveg word nie maar ook om redes van persoonlike gewin. In hierdie verband moet dit weereens uitgewys word dat dit 'n term van die Statute van die Sesde Respondent is dat lede wat ophou om lede te wees, enige verbeteringe verbeur wat hulle op die grond van die Sesde Respondent aangebring het. Dit is duidelik dat daar wonings en ander verbeterings van wesenlike waarde op die grond van die Sesde Respondent aangebring is.

[13] Die geskil oor die lederegister is nie so diepgaande dat hier twyfel daaroor kan wees dat die meerderheid van die lede ten gunste daarvan is dat Sesde Respondent as entiteit moet voortbestaan en nie gelikwideer moet word nie.

[14] Indien die Applikante werklik van oortuiging is dat daar 'n sodanige ernstige probleem met die lederegister is dat 'n regstelling daarvan sal

meebring dat die Applikante op 'n ledevergadering 'n meerderheid stem vir die likwidasie kan bekom, is die remedie vir die Applikante om Artikel 113 van die Maatskappyewet 61 van 1973 [hierna genoem "die Maatskappyewet"] as remedie uit te oefen en die lederegister eerstens te bekom en daarna die lederegister in terme van Artikel 115 van die Maatskappyewet te laat regstel en die aansprake op ledebelang in die Sesde Respondent te laat bereg. Dieselfde benadering geld ook vir enige geskille met betrekking tot die direkteure van die Sesde Respondent.

[15] In die aangesig van 'n meerderheid van lede wat die voortsetting van die Sesde Respondent verlang, meen ek dat likwidasie nie aangewese in die omstandighede is nie en is daar 'n hele aantal remedies, waarvan ek enkeles hierbo vermeld het, tot beskikking van die Applikante.

Sien : Mouw v Imanu-Shalom Congregation & Another 1994 (2) SA 240 (WLD).

[16] Ek is van mening dat persoonlike geskille in hierdie aangeleentheid aanleiding daartoe gee dat die voortbestaan van die Sesde Respondent bedreig word en sonder dat daar in werklikheid onderdrukking van die minderheid of onmoontlikmaking van uitoefening van die godsdienstige regte van die Applikante bestaan. In hierdie verband sluit ek aan by die bevindinge van die Mouw-beslissing op

244G – H, naamlik dat likwidasie nie die gepaste remedie is waar daar ander geskikte remedies teen individuele wandaders beskikbaar is nie.

[17] Mnr Naudè het 'n sterk betoog gelewer dat my kostebevel verkeerd was, aangesien daar koste vir 'n hele aantal verskynings aangegaan was en was daar tog sukses vir die Applikante deurdat 'n lederegister wel uiteindelik as resultaat van die hele verloop van die proses beskikbaar gemaak is.

[18] Ek is respekvol van mening dat hierdie betoog uit die oog verloor dat die Applikante primêr en eerstens 'n likwidasie van die Sesde Respondent verlang het en primêr in die eerste plek daardie regshulp aangevra het. Hulle was nie suksesvol met daardie aansoek nie. Die likwidasiebevel is opgehef en in die omstandighede was dit na my mening die gepaste bevel om te gelas dat die Applikante die koste van die aansoek betaal, soos wat ek in die bevel en uitspraak van 20 November 2009 gemaak het.

[19] In aansluiting hierby het mnr Fourie tydens sy betoog uitgewys dat daar verskeie kostebevele was waar koste voorbehou is en het die Respondente nie vir die voorbehoue kostebevele gevra nie. Die bevel soos wat op 20 November 2009 toegestaan is, is deur die Respondente aangevra.

[20] Mnr Naudè het saamgestem dat dit inderdaad so is dat daar 'n hele aantal voorbehoue kostebevele was. Die gevolg is uiteraard dat daardie bevele nie deel vorm van die kostebevel wat ek op 20 November 2009 gemaak het nie. Insoverre Respondente aanspraak kan maak op 'n mate van sukses voortspruitend uit die verkryging van die lederegister, is die feit dat elke verlengingsbevel se koste nie teen Applikante toegestaan is nie, genoegsame vergoeding vir sodanige sukses.

[21] Vir bogenoemde redes sowel as vir die redes reeds in die uitspraak van 20 November 2009 vermeld, meen ek dat daar nie redelike vooruitsigte op sukses op appèl vir die Applikante is nie. Gevolglik maak ek die volgende bevel :

[1] Die aansoek om verlof tot appèl word van die hand gewys.

[2] Eerste, Derde, Vierde, Sesde, Agtste en Negende Applikante word gesamentlik en afsonderlik, die een betaal die ander kwytgeskeld te word, gelas om die koste van die aansoek om verlof tot appèl te betaal.

AJ LOUW, WR